



UIT DIE PEN VAN DIE CEO (30/09)

Justin Chadwick (31 Julie 2009)

Citrus Growers Association (CGA)

GESEGDE VAN DIE DAG: "It is not necessary to change. Survival is not mandatory." ~W. Edwards Deming

CITRUS GROWERS SE ALGEMENE JAARVERGADERING EN RAADSVERGADERING

Onthou dat die **CGA se AGM by Willow Park Konferensiesentrum (15 minute vanaf OR Tambo Internasionale Lughawe) om 17:00 op 18 Augustus 2009 gehou gaan word (kennisgewing van AGM is by die Jaarverslag ingesluit)**. As enige lid enige saak het wat hul by die CGA se Raadsvergadering (op dieselfde dag) of by die AGM geopper wil hê, moet asseblief nie huiwer om myself of jou CGA Raadsvertegenwoordiger te kontak nie.

SITRUS KOÖRDINERINGSVERGADERING

Dit is alweer daardie tyd van die jaar waar ons van die Department van Landbou, Bosbou en Visserie (nuwe naam DAFF) se koördineringsvergadering kennis neem, 'n geleentheid vir die bedryf om met DAFF beamptes te vergader en terug te kyk op dit wat goed en minder goed in 2009 was en om vir 2010 te beplan. Die vergadering sal **in Stellenbosch by LNR Infruitec, Olive Grove op 16 September 2009 om 09:00 gehou word (vroeë kennisgewing, so skryf dit asseblief in jou dagboek – kennisgewing is op die webtuiste www.cga.co.za)**.

EU VEREISTES

In reaksie op sekere bekommernisse wat na aanleiding van die FVO besoek geopper is, het DAFF die inspeksie protokolle vir vrugte wat vir swartvlek sensitiewe markte bestem is, hersien. **Aangesien hierdie hersiene protokolle 'n groot impak op vrugte wat vir inspeksie aangebied word kan hê, word alle produsente, pakhuis, uitvoerders en uitvoeragente versoek om daarvan kennis te neem. Hierdie protokolle sal vandag deur CGA versprei word en op die CGA se webtuiste onder die afdeling vir lede beskikbaar wees.**

VSA BESOEKE

Gedurende die afgelope maand het Suid-Afrika gasheer vir twee afvaardigings van die VSA gespeel. Die eerste afvaardiging het die noordelike Limpopo streek besoek om na plase te kyk wat toegang op die basis van pesvrye plekke van produksie verlang. In sy verslag het Ron Campbell (CGA verteenwoordiger in die VSA) as gevolg gesê: "die APHIS plantpatoloog was beïndruk met die data wat voorgelê is asook met die vermoëns van die produsente en die uitgestrektheid tussen die produksie areas; wat die hoofrede vir die pesvrye produksie-eenheid versoek is".

Die tweede afvaardiging het die Wes-Kaap besoek om die toepassing van die standaard operasionele prosedure in die pakhuis te ondersoek met die doel om die behandeling van verskeping na die VSA terug te verander na die wetenskaplik geregtigde periode. Volgens aanvanklike terugvoering was hierdie afvaardiging ook tevrede met wat gesien is.

GEPAK EN VERSKEEP 2009

In die weeklikse pak van inligting wat deur PPECB verskaf word, is grafieke wat hierdie jaar se verskepte syfers teenoor die 5 jaar gemiddelde na daardie mark vertoon en ook die hoogste en laagste jare se syfers vir daardie mark in die afgelope 5 jare. Die doel van hierdie grafieke is dat uitvoerders kan sien wanneer die totale volumes na 'n mark hoë vlakke bereik. Dit is belangrik gegewe dat daar baie uitvoerders is wat in enige enkele mark opereer – deur na hierdie grafieke te kyk kan hierdie uitvoerders 'n perspektief kry oor die doen en late van ander uitvoerders. Die idee is dat as die huidige jaar se volumes naby (of bokant) die hoogste vlak in die laaste 5 jare is, waarskuwingsligte moet begin flikker. Uitvoerders moet dan na die pryse kyk om te besluit of die mark oorroorsien is of nie. Die volgende markte stuur **waarskuwingsligte** uit: **(volumes is naby of bokant die hoogste vlakke van die afgelope 5 jaar)**. Vir **pomelos** – Noord-Europa, Midde Ooste en Rusland; vir **sagte sitrus** – die Verre Ooste; vir **suurlemoene** – Midde Ooste, Hong Kong en Japan; en vir **lemoene** (ongelukkig kan ons nie tussen nawels en valencias onderskei nie) - Rusland en Hong Kong. Uitvoerders word versoek om na hierdie markte te kyk en die prysvlakke te monitor.

Met 13 m van 13.5 m **pomelos** wat tot op datum gepak is, is ons naby die einde van die pomelo seisoen. Uitvoerders het nodig om hul houprogram na Japan te heroorweeg (nou dat die laaste konvensionele skip gelaai is); die mark is in delikate ewewig en groot volumes laat in die seisoen kan nadelig wees. Noord-Europa (35%) en Japan (34%) het soortgelyke volumes ontvang. Ongelukkig was laas week se toename in verkope van korte duur en die laaste weke se verkope was weer 20% agter op die van die 5 jaar gemiddelde. Vir **sagte sitrus** bly die gepakte syfer vir Clementines op 2.5 m – lyk nie of dit die oorspronklike 2.9 m skatting gaan maak nie. Vir mandaryne is 1.5 m van die 2.5 m skatting reeds gepak. Die mark se verdeling bly dieselfde as verlede week. Die **Suurlemoene** fokusgroep sal volgende week vergader – vroeë aanduidings is dat die tweede oes, alhoewel hoër as in 2008, nie so hoog is as wat verwag is en die derde oes is laer, so verwag 'n afdaling in die geskatte volume. Die mark se verdeling bly rofweg dieselfde as verlede week. 93% van die **nawels** se 19 m verwagte volume is nou gepak – so die seisoen kom nou tot 'n einde. Mark se verdeling is rofweg dieselfde as verlede week. Met **valencias** wat nou in volle swang is het die Valencia Fokusgroep nou 'n beter idee van die oesvoorspellings; die VFG het hierdie week vergader en het die voorspelling verder afwaarts na 39.5 m katonne aangepas (nog 'n 1 m vermindering en 3.5 m onder die oorspronklike skatting). Met 16% van die volumes wat tot op datum verskeep is, is die meeste uitgevoer na Noord-Europa (33%), Midde Ooste (21%), Rusland (12%), Suid-Europa en Asië (beide 10%).

Tot Week 30 – Miljoen 15Kg katonne	Gepak	Gepak	Gepak	Verskeep	Verskeep	Oorspronklike Skatting	Nuutste Voorspelling	Finaal Gepak	Finaal Verskeep
Bron : PPECB	2007	2008	2009	2008	2009	2009	2009	2008	2008
pomelo	13.1 m	12.1 m	13 m	10.7 m	11.8 m	15.1 m	13.5 m	12.8 m	12.4 m
Sagte Sitrus	6.1 m	6.5 m	6 m	5.4 m	4.9 m	7.4 m	7.1 m	7.3 m	6.5 m
Suurlemoene	5.6 m	8.3 m	7 m	6.6 m	5.4 m	9.4 m	8.6 m	9.6 m	8.8 m
Nawels	16.7 m	18.8 m	17.6 m	16 m	14.9 m	21.6 m	19 m	21.5 m	21.2 m
Valencia	12.7 m	14.5 m	12.3 m	8 m	6.3 m	43 m	39.5 m	42.8 m	40.4 m
	54.2 m	60.2 m	55.9 m	46.7 m	43.3 m	96.5 m	87.2 m	94 m	89.3 m

JOU HEFFING WERK VIR JOU – PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM DIE AKTIWITEITE VAN DIE CGA, CRI EN SITRUS AKADEMIE TE BEFONDS